Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

desember 2021



*Deur die wind*
Lensopening: f40; Sluiterspoed: 3/5 sekonde; Fokale lengte: 165 mm

Ons is by die laaste maand van die jaar. Vir baie is dit "ons gaan see toe", vir ander "ons gaan binneland toe". En nog ander gaan van die binneland na die binneland toe.

Waar jy ook al binnekort gaan reis of gaan oorbly, onthou om jou kamera saam te vat. Beskou dit asof jy 'n soldaat is wat sy geweer moet saamneem of 'n padhardloper wat sy tekkies moet onthou.

Met hierdie uitgawe van Fotografienuus wil ons jou fotografies begelei op jou reispad (al is dit dan ook net om jou huis). Ons bespreek 'n tegniek wat ons noem langsluiterspoed-fotografie wat ideaal is vir vakansiefoto's. Ons gee ook foto-idees waarmee jy jouself gedurende die vakansie kan besighou. En dalk kan jy op die koop toe R200 verdien met jou beste foto – lees verder.

Ons hoop jy geniet hierdie uitgawe van Fotografienuus. En al sou jy dele oorslaan (ons hoop nie so nie!) lees dan wel beslis Emsie Norval en Hettie Antunes se fotografie-verhale. En besoek ook baie beslis ons galery aan die einde.

Johan


**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs


*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Voordat jy verder lees, kyk eers weer na die kamera-instellings by die voorbladfoto: lensopening: f40, sluiterspoed: 3/5 sekonde en fokale lengte: 165 mm. Die enigste saak hier wat "logies" lyk, is die fokale lengte (want daar is ingezoem).

Hoekom is die lensopening so bitter klein (f40, teenoor byvoorbeeld f4 wat baie groot is)? Ons verduidelik soos volg. Ons weet dat 'n lensopening twee funksies het, naamlik die regulering van

- die velddiepte (die infokusgebied voor die kamera) en
- die hoeveelheid lig (wat in die kamera ingelaat word).

Die velddiepte speel nie werklik hier 'n rol nie. Wat wel van belang is, is die regulering van die lig wat in die kamera ingelaat word. Trouens, die feit dat die lensopening klein is, is die sleutel by hierdie foto-inligting. Ons wil daarmee as't ware die kamera "dwing" om weens die klein lensopening 'n lang sluiterspoed te benodig sodat die sluiter  lank oop is; en ons die beweging (van die kamera en die onderwerp) kan vasvang.

Dít is die hele bedoeling van langsluiterspoed-fotografie. Ons wil beweging wys, soos by die voorbladfoto. Daar is egter ander toepassings ook waarby ons later sal kom.

Kyk intussen by die meegaande skakel na *The definitive guide to long exposure photography* by https://capturetheatlas.com/long-exposure-photography

# WAT IS LANGSLUITERSPOED-FOTOGRAFIE?

Langsluiterspoed-fotografie is 'n baie prettige en kreatiewe fotogenre. Daar word self daarvan gesê: "It will get you forever hooked on photography".

Die volgende speletjie is miskien die maklikste manier om die saak te verduidelik: Gestel jy kan vir 'n sekere tyd jou oë oophou en alles wat jy sien word op die retina van jou oë ingeprent. Die beeld wat jy dan sou kry is presies die idee van wat langsluiterspoed-fotografie behels. Dít, in teenstelling met 'n vinnige sluiterspoed (byvoorbeeld 1/500 sekonde) wat 'n skerp beeld sal lewer.

Dit is belangrik om te besef dat jy slegs sukses kan behaal met langsluiterspoed-fotografie as jy 'n paar basiese instellings van jou kamera ken en weet hoe om dit te gebruik. By ons "Riglyne vir ..." help ons daarmee.

Ons aanvaar vir ons doeleindes dat die sluiterspoed by langsluiterspoed-fotografie van ½ sekonde tot ure kan wees. Ons kan die volgende tipes gevalle onderskei:

- ✓ Nóg die kamera nóg die onderwerp beweeg.
- ✓ Die onderwerp beweeg.
- ✓ Die kamera beweeg.
- ✓ Die kamera en die onderwerp beweeg.

Enkele toepassings van langsluiterspoed-fotografie is bewegende water/wolke, eliminasie van mense, ligverf, motorligte, stadsligte en sterstrepe. En ook, as 'n totale verrassing vir ons, vuurvliegies.




*Vuurvliegieboom*
Skakel: https://www.facebook.com/toerbroers/posts/1047215026076995

# LANGSLUITERSPOED-FOTOGRAFIE –
*'n visuele reis*

Geen kamera- of onderwerpbeweging:
Sluiterspoed 5 sekondes



**LANGSLUITERSPOED-FOTOGRAFIE –**
*'n visuele reis*




Onderwerpbeweging;
Sluiterspoed: 2,5 sekonde

# LANGSLUITERSPOED-FOTOGRAFIE –
*'n visuele reis*

Kamerabeweging;
Sluiterspoed: 4/5 sekonde



# HOEKOM IS F4 GROOT EN F40 KLEIN?




Om die lensopening se grootte te beskryf word 'n term uit die vroeë dae van fotografie gebruik. By die vroeë kameras is die opening waardeur die lig na die lens toe gaan, met die hand gereguleer. Dit is "stoppe" genoem. Die maat wat gebruik is om die groottes van die opening (of f-stoppe) te beskryf, hang saam met die breuke 1/2, 1/4, 1/8, 1/16, 1/32 (groot na klein). Hoe kleiner dié getal, hoe kleiner is die oppervlakte (grootte) van die lensopening.

Die vroeë skryfwyse wat gebruik is om hierdie mate aan te dui was f/2, f/4, f/8, f/16, f/32 (groot na klein). Mettertyd, en ook by moderne digitale kameras, is daar ekstra waardes bygevoeg, byvoorbeeld f/40. Tans word dieselfde notasie steeds gebruik, maar ook met die gevarieerde algemene vorm f2, f4, f8, f16, f32, f40 (groot na klein) soos ons dit deurgaans gebruik.

## LEES HIER MEER:

https://twistedsifter.com/2015/04/how-aperture-shutter-speed-and-iso-affect-your-photos/

Towerlantern Fotografie
- desember 2021 -

# RIGLYNE VIR LANGSLUITERSPOEDFOTOGRAFIE

Vir hierdie bespreking neem ons aan jou kamera kan, behalwe vinnige sluiterspoede, ook ingestel word op stadige sluiterspoede van 'n half sekonde tot 30 sekondes. Anders, lees Wenk 1 by "Verdere wenke" hierna.

**KAMERA-INSTELLING:** Aanvaar die volgende: Jy het 'n bewegende toneel voor jou, byvoorbeeld 'n stroomversnelling, jou kamera is beslis op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n redelike fokussering is reeds gedoen. Volg dan die meegaande voorskrifte.

## TIPE LENS

Die lens hang af van die tipe onderwerp.

## FORMAAT

Kies soos nodig.

## ISO

Stel die ISO af van outomaties en op die laagste waarde, byvoorbeeld 100.

## WITBALANS

Kies 'n gepaste witbalans; stel dit volgens die ligomstandigheid van die toneel en nie dié van die kamera nie.

## KEUSE VAN FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Fokusseer verkieslik op 'n vaste punt in die toneel.

## LENSOPENING

Kies die kleinste lensopening waartoe die kamera in staat is.

## SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspoed met behulp van die liniaal vir die korrekte beligting. Die sluiterspoed moet langer wees as ½ sekonde. Anders, lees Wenk 2 by "Verdere wenke" hierna.

## FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n skerp fokussering van die fokuspunt. Lees ook Wenk 3 by "Verdere wenke" hierna.

## VERDERE *Wenke*

Mœnie dink jy gaan sommer 'n trefferfoto met die eerste langsluiterspœd-fotosessie kry nie. Dit kan gebeur, maar mœnie daarop reken nie. Die volgende wenke kan verder help om die saak vir jou makliker te maak;

### WENK 1

As die sluiterspœd langer as 30 sekondes mœt wees, gebruik dan die kamera se langsluiterspœd-stelling B (*bulb*). (Terloops, *bulb* verwys nie na 'n glœilamp nie, maar na 'n bol, soos die bol waarmee 'n dokter sy/haar blœdrukmeter oppomp.) Raadpleeg jou kamera se handleiding (as jy dit nie in gedrukte vorm het nie, sal jy dit op internet kry). Jy sal waarskynlik ook 'n afstandbeheerder nodig hê.

### WENK 2

Die instellings, soos by die riglyne gegee, begin met die lensopening en dan die sluiterspœd. Dit kan ook andersom gedœn word beginnende met die sluiterspœd en dan die lensopening. Dit mag gebeur dat nie een van die twee moontlikhede die korrekte beligting gee nie. Oorweeg dan die volgende: (a) Neem die foto's wanneer die lig minder helder is. (b) Gebruik 'n verdonkeringsfilter om minder lig in te laat (selfs 'n donker bril as dit mœt).

### WENK 3

Dit kan vastigheid aan 'n foto gee as daar 'n skerp punt iewers in die foto is. As dit sterstrepe is, mœt alles in elk geval skerp wees; as dit motorligte is, sal dit gœd wees om geboue in die agtergrond te hê wat skerp is.

## KERSGESKENKE

Sluit 2021 af met 'n besondere Kersgeskenk aan iemand in jou familie of vriendekring. Oorweeg dit om vir iemand in te skryf vir een van ons aanlynfotografiekursusse. Ons kursusse word op verskillende vlakke aangebied en is tans R1000 per kursus. Die kursusse bestaan uit verskillende lesings wat die een na die ander afgehandel word. Een aspek van ons kursusse is dat ons klem lê op praktiese fotografie-opdragte; en ook in Afrikaans.

Dœn gerus navraag.



« *Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 6 sekondes; Fokale lengte: 100 mm; ISO: 400*

# MET KREATIWITEIT *op reis*

Wanneer jy op reis gaan – of selfs net om die blok ry – is daar een vriend wat altyd moet saamgaan. Sy/haar naam is KREATIWITEIT.

Kreatiwiteit kan op baie maniere beoefen word. Fotogewys is langsluiterspoed-fotografie een manier om besonder treffende foto's te neem.

Jy mag wel vra: Waar moet mens begin? Die antwoord is eenvoudig: Begin binne jou huis of buite in jou tuin. Begin wanneer dit sterk skemer is (hou jou selfoon-flitslig byderhand as jy onseker is oor die werking van die kamera; jy mag dit selfs gebruik vir eksterne beligting op die onderwerp). Volg die riglyne soos dit voorheen gegee is.

In die geval van die aandfoto hierby is die instellings volgens die volgende volgorde gedoen:

- Die fokale lengte van 100 mm is vas aangesien dit 'n 100 mm makrolens is wat gebruik is.
- Die lensopening is gekies as die grootste moontlike waarde, naamlik f2,8.
- Die ISO is effens verhoog na 400 (maar wees versigtig om dit nie te hoog te stel nie, weens moontlike ruis).
- Die sluiterspoed is gevarieer om 'n verskeidenheid foto's te kry waaruit uiteindelik dié een gekies is met sluiterspoed 6 sekondes.

# **SOMMER** somer

Moenie jou dae, weke, maande, seisoene sommer maar net by jou laat verbygaan nie. As jy 'n fotograaf is, of 'n fotografieliefde het, het jy altyd rede om elke dag met 'n glimlag tegemoet te gaan.

Dus, of jy gedurende die huidige en komende somerweke tuis of op reis gaan wees, benut jou eie oë of jou kamera se oog. Sien alles om jou raak asof jy besig is om foto's te neem. Moenie die huidige seisoen as sommer net somer sien nie – benut veel eerder die somerson.



*Somerson in die tuin*

Ons gee 'n paar algemene somerkamerawenke:

- ✓ Pak jou kamerasak 'n slag uit, maak dit skoon en herpak alles.
- ✓ Stof jou kamera(s) en ander toebehore deeglik af met 'n sagte lappie.
- ✓ Gebruik 'n lensborsel(tjie) en maak die lense en filters versigtig skoon.
- ✓ Bekyk die kameraspieël om seker te maak dat daar nie stof op is nie. Kry hulp indien nodig.
- ✓ Kontroleer jou driepoot en maak dit ook skoon.
- ✓ Verseker jou fotografie-toerusting – veral juis as jy op reis gaan; en gaan ook jou huisversekering in dié verband na.
- ✓ Neem met jou selfoon 'n stillewefoto van al jou fotografiese goeters; dit mag eendag handig te pas kom.
- ✓ Maak 'n nota van jou kamera(s) se reeksnommer(s).
- ✓ Stel 'n lys op van wat jy moet saamneem en moenie die gelaaide batterye vergeet nie.

# Die mooie Tuinrœte en omstreke

Emsie Norval, Plettenbergbaai



Seweweekspoort-pas deur die Swartberge

Ek kan nie regtig onthou wanneer my liefde vir fotografie ontstaan het nie. Ek onthou wel ek was altyd mal oor foto's neem. My kamera-arsenaal het begin met 'n klein Kodak mik-en-druk en geleidelik het ek opgegradeer soos wat my fotografie-vaardigheid gegrœi het.

Fotografie het vir my 'n ernstige saak begin raak na my eerste kursus by Johan. Dit het my in staat gestel om herhinneringe en skoonheid beter vas te vang en te deel met ander. Wanneer ek na 'n toneel of voorwerp kyk, sien ek 'n foto. Agter my kamera het ek volle beheer oor die toneel en die finale produk wat gegenereer word. 'n Gœie foto maak my opgewonde en die minder gœies laat my net weer probeer.

My groot liefde is reisfotografie maar met Covid-19 is daardie tande vir eers getrek, maar dit beteken net dat plekke soos Namibië, Botswana en natuurlik die Tuinrœte eerder verken word.



Suidekant van Robberg, Plettenbergbaai

Die Tuinrœte se immergrœn woude, berge, klowe, watervalle, voëllewe en spierwit strande is enige fotograaf se droom. Ons stap baie, wat mens die geleentheid gee om hierdie skoonheid te beleef en dan natuurlik vas te vang op foto's. Dit is soos om permanent op vakansie te wees. Ek het by "Funatics", 'n fotografieklub in Plettenbergbaai aangesluit wat my nuwe blootstelling gee en weereens my liefde vir fotografie bevestig. Ek heg foto's van ons wyer omgewing en 'n onlangse foto-uitstappie aan.

# Die Noord-Kaap – wat 'n fotobelewenis!

Hettie Antunes, Potchefstroom

Om lid te wees van Towerlantern het my lewe so ongelooflik verryk! Daar kon ek leer by deskundiges oor die werking van my Canon, tegnieke in fotografie (beginner, sowel as gevorderd) en uitstappies geniet saam met fotografievriende.

My jongste lekkerkry was om deel te wees van Fotovriende. Watter pret was dit nie! Almal by my werk was deel daarvan en het uitgesien om te hoor wat die volgende tema was. Hulle het saam met my nuwe terminologie geleer, soos "minimalistiese fotografie". En saam gesœk na moontlike foto-geleenthede!

Na my aftrede het ek betrokke geraak by 'n projek wat skole help met Wiskunde en Natuur- en Skeikunde in die Noord-Kaap. Ek was nog nooit in die Noord-Kaap nie en my getroue kamera mœs saamgaan om die Pofadder- en Kathu-omgewing te verken. En wat 'n belewenis was dit nie! Van die verskillende kleure wat vasgevang word in die klippe van daardie omgewing tot die skugter veldblommetjies op die dorre aarde. Soms kry jy selfs wildsbokkies, dassies en reptiele in hierdie dorre aarde.

Ons gaan op megaplase, soos Klein-Pella, tuis. Plaasbedrywighede was vir my totaal nuut: wingerde (met al die verskillende fases in hulle grœiproses), dadelpalms (met die skaduwees wat jou bekoor) en die mense van daardie omgewing met hulle humor van uitdrukkings en gewilligheid om die positiewe in alles raak te sien. Die skoolkinders en hulle onderwysers wat altyd maar weer probeer ten spyte van talle hindernisse, het my verbeelding aangegryp. Pofadder se ou murasies, asook ou sendingstasies, het my laat gryp na my kamera.

Wat 'n voorreg om 'n kamera te kan vashou – om al daardie oomblikke vas te vang en te laat onthou: God is groot!



Sonsondergang by Klein-Pella



Een van Klein-Pella se poue

# OP INTERNET GESIEN

Elke fotograaf het seker al na sy kamera gegryp as dit kom by 'n mooi natuurverskynsel. Gekleurde wolke, mis, reënboë of 'n dramatiese sonsondergang is mos maar net besonders!

Kyk beslis na die foto's wat gewen het by die "Weather Photographer of the Year"-kompetisie, en laat dit jou inspireer.

Die foto hierby, "Foggy Morning" is geneem deur Christopher de Castro Comeso van die Verenigde Arabiese Emirate. Hiermee was hy die wenner in die selfoonkamera-kategorie.

Adres: https://mymodernmet.com/weather-photographer-of-the-year





Hoewel ek, Johan, nie 'n ingenieur is nie, lê siviele ingenieurswese na aan my hart. En veral as dit kom by strukture soos geboue, spoorlyne, brûe, ensovoorts.


Die foto hierby toon die Russky Eiland-brug by Wladiwostok in Rusland. Dit is ontwerp om temperature van -30 grade tot +30 grade Celsius te weerstaan; met dan ook nog stormwinde en yslæ in die winter daarby.

Gaan na die onderstaande adres vir 'n beskrywing van hierdie brug, sowel as 'n hele reeks ander brûe.

Adres:
http://www.bridgesofdublin.ie/bridge-building/famous-bridges/russky-island-bridge-2012

## Idee 1: Skemertes

Waar jy ookal gaan deur die vakansietyd, neem foto's van oggend- en aandskemertes.




*Tineké van der Walt, St Louis, VSA*

# VAKANSIE FOTO-*idees*

## Idee 2: Lig

Maak lig jou foto-onderwerp; anders gesê: fotografeer die lig.





*Naby Olifantshœk, Noord-Kaap*

VAKANSIE
FOTO-
*idees*

Idee 3: Padstalle

Stop by padstalle op pad en soek vir besondere foto's – soos hierdie pampoene.



*Pampoenpadstal, Worcester*

VAKANSIE FOTO-*idees*

## Idee 4: Dorpies en omgewings

Onthou geboue in dorpies langs die pad en ook hul omgewings.



*Towerlantern Fotografie*
- desember 2021 -

*Padstop langs N12, Noord-Kaap*

## Idee 5: Langsluiterspœd-foto's

Waag langsluiterspœd-foto's deur met bewegende water rond te speel.
Stuur jou foto; en as dit die beste is, stuur ons vir jou R200.



*Mooirivier, Potchefstroom*

Ons bied verskillende plaaslike en aanlynkursusse in Afrikaans aan:

# 2022 SE KURSUSSE

– plaaslik en aanlyn

## EERSTEVLAKKURSUS

Ons begin by die heel begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy moet begin, dan is dit hier.

Prys: R1000.

## SELFOONKAMERAKURSUS

Die basiese elemente van fotografie word bespreek, met toepassing op jou selfoon. Jy sal meer leer oor hoe om besondere foto's te neem en basiese fotoverwerking op jou selfoon te doen. Vier lesings

Prys: R500.

## FOTOVRIENDE

Vir gevorderde studente bied ons 'n geleentheid om hul fotografie op 'n hoë vlak te hou. Ons stuur maandeliks 'n opdrag uit wat dan 'n paar weke later ingestuur moet word. Die opdrag word bespreek en die patroon word herhaal. Van die meer onlangse opdragte het gegaan oor abstrakte fotografie en minimalistiese fotografie.

Oor hierdie opdragte sê een van die deelnemers, Lydia le Roux, die volgende: "Ek is bly vir die uitdagings wat die lewe interessant hou. Ek dink hierdie maandelikse deelname was baie suksesvol en gewild."

Prys: R600

## SPESIALISKURSUS

In hierdie kursus word daar op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer. Hierdie kursus word plaaslik en aanlyn gesamentlik aangebied.

Prys: R1000.

## GEVORDERDEVLAKKURSUS

Ons voer die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word deurgetrek na impressionistiese fotografie.

Prys: R1000.

Doen vir al hierdie kursusse navraag by: johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie

- desember 2021 -

# TOWERLANTERN-FOTOGALERY VAN 2021-STUDENTE

*Towerlantern Fotografie*

- desember 2021 -




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Charlene Swanepœl
**Titel:** In Gamkaskloof



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Charlene Swanepœl
**Titel:** Pad na die Hel



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Elize Odendaal
**Titel:** Kiewiete



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Elize Odendaal
**Titel:** Winterlug




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Elna Geringer
**Titel:** Die treinbrug Twirl



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Elna Geringer
**Titel:** Wildebeeste in 'n ry



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Emsie Norval
**Titel:** Meiringspoort-waterval



GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Emsie Norval
**Titel:** Skedelkus jakkals



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Genevieve Conradie
**Titel:** Vasgevang tussen lig en skemerte



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Genevieve Conradie
**Titel:** Winterweelde



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Hettie Antunes
**Titel:** Kaalgestroop, maar staan sterk



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Hettie Antunes
**Titel:** Rots, klots en pondok




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Jaco Kruger
**Titel:** Die kabouter met die rooi-rooi pet




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Jaco Kruger
**Titel:** The dreamcrossed twilight between birth and dying



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Joanie Schoonen
**Titel:** Onwaar




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Joanie Schoonen
**Titel:** Sagte fokus



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Johan de Klerk
**Titel:** Buitewêrelds



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Johan de Klerk
**Titel:** Woudtoneel




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Johann Nel
**Titel:** Laatmiddag Clarens no 1



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Johann Nel
**Titel:** Laatmiddag Clarens no 2




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Josef Steyn
**Titel:** Kleurvolle abstrakte lyne




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Josef Steyn
**Titel:** Stadigesluiter-spatsel




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Kobie Fourie
**Titel:** Hœ mooi blink die water



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Kobie Fourie
**Titel:** Krap in die as rond op sœk na kossies



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Lallie Campher
**Titel:** Tuis – abstrak



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Lallie Campher
**Titel:** Vrolike abstrakte landskap




# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Lydia le Roux
**Titel:** Vrœë Kersfeesliggies



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Lydia le Roux
**Titel:** Na waters waar daar rus is



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Maryke Schoonen
**Titel:** Herfs



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Maryke Schoonen
**Titel:** Winter



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Peet Ryke
**Titel:** Herfswinter



GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Peet Ryke
**Titel:** Rœsabstrak



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Tanya Reeder
**Titel:** Pink, purple and blue … yellow and orange too



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Tanya Reeder
**Titel:** My paradise … my passion



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Veronica Heersink
**Titel:** Knielende, smekende vrou; almal stap verby – aangegrypend (Champs Élysées, Parys, Frankryk)



# GALERY – 2021 SE STUDENTE

**Fotograaf:** Veronica Heersink
**Titel:** Vrægoggend, mensalleen – bevrydend en ’n voorreg (Dooievlei, Namibië)